**Hoërskool Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**Taak 3 - Kontroletoets**

**Naam:** ________________________________________________________ **Gr 8:** _____

**Eksaminator: E. Van Blerk Heymans** **Moderator: N. Bruwer**
**Tyd: 1 uur en 30 min.** **Totaal: 60 punte**

DO NOT COPY

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae:
   - Vraag 1: Begripstoets [20]
   - Vraag 2: Visuele Geletterdheid [10]
   - Vraag 3: Opsomming [10]
   - Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies [20]
2. Beantwoord al die vrae op die lyntjiespapier.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
4. Skryf netjies en gebruik blou ink.
5. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
6. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

**VRAAG 1 – BEGRIPSTOETS**

Lees die koerantberig en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

# 'n Passie vir sy stokperdjie.

Geskryf deur Charl Monk



1 Thato Dlamini is ’n 14-jarige seun wat saam met sy gesin in Boksburg woon. Hy is ’n graad 8-leerder by ’n plaaslike hoërskool en het ’n besonderse liefde vir houtwerk ontwikkel. Wat as ’n eenvoudige tydverdryf begin het, het in ’n ernstige stokperdjie verander.

2 Sy ma, Nomsa Dlamini, vertel dat sy aanvanklik nie besef het hoe talentvol Thato is nie. Sy was veral verbaas toe ander mense begin belangstel in die goed wat hy maak. Volgens haar is Thato stil van aard, maar baie toegewyd wanneer hy aan ’n projek werk.

3 Nomsa het een middag ’n kort video op sosiale media geplaas waarin Thato besig is om met hout te werk. In die video wys hy hoe hy klein tafeltjies, speelgoedmotors en rakke uit afvalhout maak. Die video is binne ’n paar dae meer as 80 000 keer gedeel en baie mense het positiewe kommentaar gelewer.

4 Thato het reeds op die ouderdom van tien begin houtwerk doen toe hy sy oupa in die motorhuis gehelp het. Sy oupa het hom gewys hoe om eenvoudige gereedskap veilig te gebruik. Omdat die gesin nie duur toerusting kon bekostig nie, gebruik Thato meestal ou hout en basiese handgereedskap.

5 Elke middag ná skool gaan Thato direk motorhuis toe om aan nuwe projekte te werk. Hy spandeer soms ure daar, veral oor naweke. Alhoewel hy soms moeg raak, hou hy aan oefen omdat hy elke keer beter wil word.

6 Sy ma glo dat houtwerk ’n positiewe invloed op Thato se skoolwerk het. Wanneer hy met hout werk, voel hy rustig en kan hy beter konsentreer. Dit help hom ook om te ontspan ná ’n lang skooldag.

7 Thato het al vir sy sussie ’n boekrak gemaak en vir sy pa ’n stewige gereedskapkis. Mense in die buurt het begin vra of hy klein meubels vir hulle kan maak en sommige plaas nou bestellings.

8 Hy vra nie baie geld vir sy werk nie, aangesien hy dit hoofsaaklik vir die plesier doen. Sy onderwyseres sê leerders met stokperdjies ontwikkel beter probleemoplossingsvaardighede. Thato droom daarvan om eendag sy eie meubelwinkel te hê. Sy ma is trots omdat sy sien hoe hy geduld en deursettingsvermoë aanleer, twee baie belangrike eienskappe om te hê!

*Verwerk vanaf ChatGPT*

DO NOT COPY

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Waar woon Thato? | (1) |
| 1.2 | Noem DRIE goed wat hy bou wat op die video was. (par. 3) | (3) |
| 1.3 | Wat noem ons iemand wat houtwerk doen? | (1) |
| 1.4 | Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord. (par. 3)<br>Thato gebruik nuwe hout. | (1) |
| 1.5 | Thato se ma plaas ‘n video van hom op sosiale media? Noem TWEE reaksies wat die mense gehad het op sy video. | (2) |
| 1.6 | In watter graad was Thato toe hy begin houtwerk doen het? (par. 4) | (1) |
| 1.7 | Wie het vir Thato geleer om houtwerk te doen? (par. 4) | (1) |

1.8 Haal EEN WOORD aan wat wys dat Thato se Oupa nie wil hê hy moet seer kry nie. (par. 4) (1)

1.9 Dink jy, jy sal ook van houtwerk hou? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.10 Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken om te **ontspan**. (par. 6) (1)

1.11 Dink jy jou stokperdjie kan jou laat ontspan? Voorsien 'n rede. (1)

1.12 Inspireer Thato jou? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Hoe voel Thato se ma oor hom? (par. 8) (1)

1.14 Watter TWEE eienskappe het Thato aangeleer? (par. 8) (2)

1.15 Thato droom om sy eie meubelwinkel oop te maak. Het jy ook 'n droom oor wat jy eendag gaan doen? Motiveer jou antwoord. (1)

1.16 As jy iets doen vir die **plesier** daarvan, hoe laat dit jou voel? (par. 8) (1)

**Totaal Vraag 1: 20**

DO NOT COPY

**VRAAG 2 – VISUELE GELETTERDHEID**

Die vrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.

**TEKS B**

**KUNSKLAS VIR JONG KUNSTENAARS**

**Waar:** Springs Gemeenskapsaal
**Wanneer:** Saterdag, 12 April 2026
**Tyd:** 09:00 – 12:00
**Wie:** Tieners tussen 12–16 jaar
**Koste:** R50 per persoon





Bring jou eie verf en kwaste.
Kom leer teken, skilder en kreatief wees!



Almal is welkom: van beginners tot ervare kunstenaars.

Kontak Thandi by 083 456 7890 om jou plek te bespreek.



2.1 Waar word die klas aangebied? (1)

2.2 Hoe lank sal die klas vat? (1)

2.3 Noem TWEE goed wat jy moet saam vat na die klas toe. (2)

2.4 Moet jy reeds kan skilder om die klas by te woon? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.5 Sou jy graag so kunsklas wou bywoon? Sê ja/nee en motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Wat is die koste vir die kunsklas? (1)

2.7 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer neer. (Bv. 2.7 A) (1)

Hoe kan jy jou plek bespreek?

a) Op die webtuiste
b) Per e-pos
c) Deur te bel
d) Whatsapp

2.8 Verduidelik in jou eie woorde wat **kunstenaar** beteken. (1)

2.9 Is jy kreatief? Sê ja/nee en motiveer jou antwoord. (1)

**Totaal Vraag 2: 10**

**VRAAG 3 - OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

- Skryf **SEWE (7) WENKE** neer oor hoe jy kan geld maak met jou stokperdjie neer.
- Skryf jou **SEWE WENKE** puntsgewys onder mekaar neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 7
- Laat ’n reël tussen jou sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.

**TEKS C**

## Wenke om jou stokperdjie te ontwikkel

Dit is belangrik om ’n stokperdjie te hê wat jy geniet. Hier is ’n paar wenke om jou te help om jou stokperdjie beter te ontwikkel.

**1** Kies iets wat jy regtig geniet en waarin jy belangstel. Ons is almal verskillend aangelê. Sommige mense verkies om te verf, terwyl ander eerder sport wil doen of wil dans.

**2** Maak elke week tyd om jou stokperdjie te beoefen. Dis belangrik om gereeld te oefen sodat jy die tegniek kan bemeester. Hoe meer tyd jy aan jou stokperdjie bestee hoe beter gaan jy dit kan doen.

**3** Gebruik boeke, video’s of kursusse om nuwe vaardighede aan te leer. Om te verhoed dat jy stagneer is dit belangrik om nuwe inspirasie en tegnieke by jou vaardighede by te voeg. Youtube het soveel hulpmiddels beskikbaar.

**4** Moenie bang wees om foute te maak nie. Foute help jou om te verbeter, elke keer sien jy wat nie werk nie en daarby kan jy dan nuwe idees probeer.

DO NOT COPY

| | |
|---|---|
| **5** | Deel jou werk met vriende of familie vir terugvoer. Familie en ware vriende is eerlik en sal waardevolle terugvoer gee. Dit kan jou help om aanpassings te maak en nuwe perspektief te kry. |
| **6** | Bly geduldig en moenie te vinnig moed opgee nie. Rome is nie in ‘n dag gebou nie en so ook moet jy besef jy gaan moet geduldig wees met jouself. |
| **7** | Stel vir jouself klein doelwitte om gemotiveerd te bly. Elke mylpaal wat jy bereik sal jou aanmoedig om weer harder te werk vir die volgende doelwit wat jy stel. |

*Aangepas uit Netwerk 24*

**Totaal Vraag 3: 10**

**VRAAG 4 - TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

Lees die plakkaat en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D**




https://www.google.com/search?q=troeteldier+spotprent&sca_esv=86eadaac309410d3&sxsrf=AE

4.1.1 Benoem die LEESTEKEN op die advertensie. (1)

4.4.2 Wat is die FUNKSIE van bogenoemde leesteken? (1)

4.2 Verbind die volgende sinne deur die VOEGWOORD in hakies te gebruik. (1)

Ek wil graag na die uitstalling gaan. Ek hou baie van stokperdjies. (omdat)

4.3 Skryf die sin in die VERLEDE TYD. (1)

Senzo is by die kerkkantoor.

4.4 Identifiseer die BYWOORD VAN TYD in die volgende sin. (1)

Zinzi koop elke jaar nuwe verf en kwaste.

4.5 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE. (1)

Senzo sê: “ Ek soek ‘n nuwe voorskoot.”

4.6 Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM. (1)

Zinzi hou van bak-en-brou.

4.7 Benoem die VETGEDRUKTE woord. (1)

**Sjoe**, jy het baie talent!

4.8 Sê of die volgende stelling LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel word. (1)

Ek is **mal** oor kuns!

4.9 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE. (1)

(elke maand) (nuwe verf) (Senzo koop) (vir haar kunsklas.)


**[10]**

DO NOT COPY

Lees die artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

**Stokperdjies maak jou 4.10 (slim)**



**4.11 (Mense)** wat gereeld hul stokperdjie beoefen, is dikwels gelukkiger en minder gespanne.

Wanneer jy jou stokperdjie geniet, word jou **4.12 (brein + funksie)** beter en jou geheue **4.13 (sterk)**. "Hoe meer jy aan jou stokperdjie werk hoe beter!" beveel **4.14 (dokter)** Malan aan.

**4.15 (Kinder)** wat sport doen of musiek speel, **4.16 (se)** kenners, leer ook om **4.17 (beter/beste)** saam met ander te werk.

Dit is **4.18 (belangrik)** om elke week tyd te maak om jou stokperdjie te beoefen en nuwe vaardighede aan te **4.19 (leer/leur)**.

*Verwerk vanaf ChatGPT*

| | | |
|---|---|---|
| 4.10 | Gee die **VERGROTENDE TRAP** vir die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.11 | Gee die **VERKLEININGS VORM** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.12 | Maak 'n **SAMESTELLING** van die woorde tussen hakies. | (1) |
| 4.13 | Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.14 | Gee die **AFKORTING** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.15 | Skryf die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.16 | Plaas die korrekte **SKRYFTEKEN** op die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.17 | kies die **KORREKTE VORM** van die woorde tussen hakies. | (1) |
| 4.18 | Gee 'n **ANTONIEM** van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.19 | Kies die korrekte **HOMOFOON** uit die woorde tussen hakies. | (1) |

**[10]**

**Totaal Vraag 4: 20**
**Groottotaal: 60**

DO NOT COPY

**Hoërskool Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**Taak 3**

**Nasienriglyne**

DO NOT COPY

## VRAAG 1: LEESBEGRIP

### TEKS A: ARTIKEL

| | | | 20 | 20 | 40 | 20 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 | VLAK 5 |
| | | PUNT | LETTERLIK | HERORGANISASIE | AFLEIDING | EVALUERING | WAARDERING |
| 1.1 | In Boksburg | 1 | 1 | | | | |
| 1.2 | Klein tafeltjies<br>Speelgoedmotors<br>Rakke | 3 | | 3 | | | |
| 1.3 | Timmerman / Skrynwerker / Houtwerker | 1 | | | 1 | | |
| 1.4 | Onwaar hy gebruik afvalhout / ou hout. | 1 | | | 1 | | |
| 1.5 | Hulle bewonder sy talent.<br>Hulle bestel klein meubels by hom. | 2 | | | 2 | | |
| 1.6 | Graad 4 | 1 | | | 1 | | |
| 1.7 | Sy oupa | 1 | | 1 | | | |
| 1.8 | Veilig | 1 | | | 1 | | |
| 1.9 | Ja, ek sal daarvan hou om iets met my hande te maak. /<br>Nee, ek is bang om met gereedskap te werk.<br>(Enige toepaslike antwoord en rede) | 1 | | | | 1 | |
| 1.10 | Wanneer jy iets doen wat waarlik vir jou lekker is.<br>(enige soortgelyke antwoord) | 1 | | | 1 | | |
| 1.11 | Ja, dit is iets wat vir jou lekker is. | 1 | | | | 1 | |

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Nee, as dit te moeilik is, is dit nie moontlik om te ontspan nie.<br>(enige toepaslike antwoord.) | | | | | | |
| 1.12 | Ja, Thato werk hard om beter te wees.<br>Nee, ek dink hy moet meer speel.<br>(Enige toepaslike antwoord.) | 1 | | | | | 1 |
| 1.13 | Sy is TROTS op hom. | 1 | | 1 | | | |
| 1.14 | Geduld en deursettingsvermoë | 2 | 2 | | | | |
| 1.15 | Ja, ek wil graag eendag ... 'n salon oop maak / modelmotors bou / 'n dansskool oopmaak.<br>Nee, ek het nog nie so droom nie.<br>(Enige toepaslike antwoord.) | 1 | | | | | 1 |
| 1.16 | Slim / positief / gemotiveerd / | 1 | | | 1 | | |
| | | **20** | **3** | **5** | **8** | **2** | **2** |

**VRAAG 2 : VISUELE GELETTERDHEID**

**'n Advertensie**

| | | PUNT | VLAK 1<br>LETTERLIK | VLAK 2<br>HERORGANISASIE | VLAK 3<br>AFLEIDING | VLAK 4<br>EVALUERING | VLAK 5<br>WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Springs Gemeenskapsaal. | 1 | 1 | | | | |
| 2.2 | 3 uur. | 1 | | | 1 | | |
| 2.3 | Verf en kwaste | 2 | | 2 | | | |
| 2.4 | Nee, beginners is welkom/ almal is welkom. | 1 | | | 1 | | |
| 2.5 | Ja, ek hou van kuns<br>Nee, ek kan nie teken nie.<br>(enige toepaslike antwoord.) | 1 | | | | 1 | |
| 2.6 | R50 per persoon | 1 | | 1 | | | |
| 2.7 | C- deur te bel. | 1 | | | 1 | | |
| 2.8 | 'n Kunstenaar is iemand wat kreatief is. Iemand wat kan sing / dans / verf / musiek maak.<br>(Enige soortgelyke antwoord) | 1 | | | 1 | | |
| 2.9 | Ja, ek hou van verf of iets met my hande bou.<br>Nee, ek kan nie enige iets self uitdink nie.<br>(Enige soortgelyke antwoord) | | | | | | 1 |
| | | 10 | **1** | **3** | **4** | **1** | **1** |

DO NOT COPY

**VRAAG 3: OPSOMMING**

**Nasienriglyne**

**Nasien van die opsomming**

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- Puntetoekenning: 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)

  3 punte vir taal

  Totaal punte: 10

- Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:

  1–3 korrekte feite: 1 punt

  4–5 korrekte feite: 2 punte

  6–7 korrekte feite: 3 punte

- Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:

  6–7 korrekte aanhalings: 3 punt vir taal word toegeken.

  4–5 korrekte aanhalings: maksimum 2 punt vir taal word toegeken

  1–3 korrekte aanhalings: maksimum 1 punte vir taal word toegeken

Geen leerder kan ‘n 0 vir taal kry nie.

Let op: Indien die kandidaat 6 of 7 korrekte feite het, maar een daarvan is 'n direkte aanhaling, kry die kandidaat 6 of 7 punte vir die 6 of 7 feite en 3 punte vir taal. Die kandidaat kry in hierdie geval dus 9/10 of 10/10 vir die opsomming.

Indien die kandidaat net een direkte aanhaling as korrekte feit aanbied, en verder geen korrekte feite het nie, kry die kandidaat 1 punt vir die direkte aanhaling en 0 vir taal. In hierdie geval kry die kandidaat dus 1/10 vir die opsomming.

LET WEL:

- Getal woorde:

Nasieners moet die getal woorde verifieer.

Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.

Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde aan lees ná die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

DO NOT COPY

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| | | |
| 1 | **Kies iets wat jy regtig geniet en waarin jy belangstel.** Ons is almal verskillend aangelê. Sommige mense verkies om te verf, terwyl ander eerder sport wil doen of wil dans. | □ Kies 'n stokperdjie wat jy geniet. |
| 2 | **Maak elke week tyd om jou stokperdjie te beoefen.** Dis belangrik om gereeld te oefen sodat jy die tegniek kan bemeester. Hoe meer tyd jy aan jou stokperdjie bestee hoe beter gaan jy dit kan doen. | □ Maak elke week tyd om te oefen. |
| 3 | **Gebruik boeke, video's of kursusse om nuwe vaardighede aan te leer.** Om te verhoed dat jy stagneer is dit belangrik om nuwe inspirasie en tegnieke by jou vaardighede by te voeg. Youtube het soveel hulpmiddels beskikbaar. | □ Gebruik boeke of video's om te leer. |
| 4 | **Moenie bang wees om foute te maak nie.** Foute help jou om te verbeter, elke keer sien jy wat nie werk nie en daarby kan jy dan nuwe idees probeer. | □ Moenie bang wees vir foute nie. |
| 5 | **Deel jou werk met vriende of familie vir terugvoer.** Familie en ware vriende is eerlik en sal waardevolle terugvoer gee. Dit kan jou help om aanpassings te maak en nuwe perspektief te kry. | □ Deel jou werk met ander. |
| 6 | **Bly geduldig en moenie te vinnig moed opgee nie.** Rome is nie in 'n dag gebou nie en so ook moet jy besef jy gaan moet geduldig wees met jouself. | □ Bly geduldig en hou aan probeer. |
| 7 | **Stel vir jouself klein doelwitte om gemotiveerd te bly.** Elke mylpaal wat jy bereik sal jou aanmoedig om weer harder te werk vir die volgende doelwit wat jy stel. | □ Stel klein doelwitte vir motivering. |

DO NOT COPY

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 40% | 40% | 20% |

| **VRAAG 4 – TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIE** | | PUNT | VLAK 1 LETTERLIK | VLAK 2 HERORGANISASIE | VLAK 3 AFLEIDING | VLAK 4 EVALUERING | VLAK 5 WAARDERING |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4.1.1 | koppelteken | 1 | | 1 | | | |
| 4.1.2 | Wys dat die woorde een moet wees. | 1 | | | | | 1 |
| 4.2 | Ek wil graag na die uitstaling gaan omdat ek baie van stokperdjies hou. | 1 | | | | 1 | |
| 4.3 | Senzo was by die kerkkantoor. | 1 | | | 1 | | |
| 4.4 | Elke jaar | 1 | | | 1 | | |
| 4.5 | Senzo sê sy soek ‘n nuwe voorskoot.<br>Senzo sê dat sy ‘n nuwe voorskoot soek.<br>(enige een van die opsies) | 1 | | | | 1 | |
| 4.6 | Zinzi hou nie van bak-en-brou nie. | 1 | | | | 1 | |
| 4.7 | Tussenwerpsel | 1 | | | 1 | | |
| 4.8 | Figuurlik | 1 | | | 1 | | |
| 4.9 | Senzo koop elke maand nuwe verf vir haar kunsklas. | 1 | | | 1 | | |
| 4.10 | Slimmer | 1 | | 1 | | | |
| 4.11 | Mensie / mensies | 1 | 1 | | | | |
| 4.12 | breinfunksie | 1 | 1 | | | | |
| 4.13 | Stormsterk / ystersterk | 1 | | 1 | | | |
| 4.14 | Dr. | 1 | | 1 | | | |
| 4.15 | Kinders | 1 | | 1 | | | |
| 4.16 | Sê | 1 | | | 1 | | |
| 4.17 | beter | 1 | | | 1 | | |
| 4.18 | Onbelangrik | 1 | | 1 | | | |
| 4.19 | leer | 1 | | | 1 | | |
| | | 20 | 2 | 6 | 8 | 3 | **1** |

**Groottotaal: 60**

DO NOT COPY

**Hoërskool Dr Johan Jurgens**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**Graad 8**

**November Eksamen 2025**

# ANTWOORDBLAD

**Naam:** ______________________________________________________ **Gr 8**_____

| Begripstoets | Visuele teks | Opsomming | Taal | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|
| /20 | /10 | /10 | /20 | /60 | |

DO NOT COPY

## Vraag 1

1.1 ____________________________________________________________ (1)

1.2 ____________________________________________________________ (1)

1.3 ____________________________________________________________ (1)

1.4 ____________________________________________________________ (1)

1.5 ____________________________________________________________ (3)

1.6 ____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

1.7 ____________________________________________________________ (1)

1.8 ____________________________________________________________ (1)

1.9 ____________________________________________________________ (1)

1.10 ____________________________________________________________ (1)

1.11 ____________________________________________________________ (1)

1.12 ______________________________________________ (2)

1.13 ______________________________________________

______________________________________________ (1)

1.14 ______________________________________________ (2)

1.15 ______________________________________________ (1)

1.16 ______________________________________________ (1)

**[20]**

**Vraag 2**

2.1 ______________________________________________ (1)

2.2 ______________________________________________ (1)

2.3.1 ______________________________________________ (1)

2.3.2 ______________________________________________ (1)

2.4 ______________________________________________ (1)

2.5 ______________________________________________

______________________________________________ (2)

2.6 ______________________________________________ (1)

2.7 ______________________________________________ (1)

2.8 ______________________________________________ (1)

**[10]**

DO NOT COPY

**Vraag 3 - Skryf slegs jou finale poging op die antwoordblad.**

DO NOT COPY

**Vraag 4**

**4.1.1** ______________________________ **(1)**

**4.1.2** ______________________________ **(1)**

**4.2** ______________________________ **(1)**

**4.3** ______________________________ **(1)**

**4.4** ______________________________ **(1)**

**4.5** ______________________________ **(1)**

**4.6** ______________________________ **(1)**

**4.7** ______________________________ **(1)**

**4.8** ______________________________ **(1)**

**4.9** ______________________________ **(1)**

**4.10** ________________ **(1)** **4.11** ________________ **(1)**

**4.12** ________________ **(1)** **4.13** ________________ **(1)**

**4.14** ________________ **(1)** **4.15** ________________ **(1)**

**4.16** ________________ **(1)** **4.17** ________________ **(1)**

**4.18** ________________ **(1)** **4.19** ________________ **(1)**

**[20]**

**Groottotaal: 60 punte**

DO NOT COPY